Afrikaans

Click here for audio

4-8 Mei

## Ons kuier by Oupa en Ouma

Ouma en Oupa is al baie oud. Ouma is Oupa se vrou. Op hulle trou fotos was sy 'n baie mooi bruid! Oupa het hulle huis self met hout gebou. Hulle huis is in die woud. In die nag is dit so koud, Ouma sê: "trek aan jou trui en kouse!"
In Ouma se tuin mag ons druiwe en pruime pluk. Ons het kluite in die kruiwa gegooi en Ouma het ons met die tuinslang skoon gespuit want ons was bruin van die modder. Ons het daardie aand al die vuil in 'n heerlike skuimbad afgewas.
Oupa se muil het 'n tou om sy nek en as Oupa fluit, kom die volstruis en die pou aangedraf. Daar is muise en duiwe ook in die tuin. Een oggend was ek stout! Ek het kougom geëet, dit was 'n groot fout! Ouma sê toe: "dan kry jy geen beesboud of sous nie!"
Dis lekker by Oupa en Ouma se houthuis in die woud!

1) By wie het ons gekuier?

2) Hoekom is Oupa en Ouma met hoofletters geskryf?

3) Kies twee woorde wat rym met <u>huis</u>.

4) Kan jy fluit?

5) Waar is Oupa en Ouma se huis?

6) Watter twee vrugte word genoem in die storie?

7) Kan `n volstruis vlieg?

LIVEWORKSHEETS